

Op Drie-eenheidsondag bevestig ons as Christene opnuut ons geloof in God as Vader, Seun en Heilige Gees

Lied 159 God is hier teenwoordig vs 1,2,3

Aanvangswoord

Buig voor die Here

by sy heilige verskyning!

4Die stem van die Here is magtig,

die stem van die Here is vol majesteit.

In sy paleis roep almal uit:

“Hoe geweldig!”

10Die Here heers oor die watermassas,

Hy heers vir altyd as koning.

11Die Here gee krag aan sy volk;

die Here seën sy volk met oorfloed. (Uit Psalm 29)

Seëngroet

7Aan almal in Kraggakamma vir wie God liefhet en wat Hy geroep het om aan Hom te behoort. Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!
(Romeine 1:7)

Lied 451: Hemelse Vader, ons bring U eer vs 1,2,3

Verootmoediging: Jesaja 6:1-6

Op Drie-eenheid Sondag is Jesaja se roepingsvisioen ‘n uitstekende teks om as gemeente te buig voor God se heiligheid.

Getuienis Willie Botha

Jes 6:7-12

Aanbidding

Lied 169: Heilig (3X)
Heer God almagtig vs 1,2,3

Epiklese

O Heilige Gees, wat Here is en lewend maak, oorwin die doodsheid in ons harte, ons denke, ons lewe, en vernuwe u ganse skepping!

O Heilige Gees, wat van die Vader en die Seun uitgaan, kom woon onder ons, bly in ons, werk deur ons!

O Heilige Gees, wat gespreek het deur die profete

– fluister ook vandag nog deur u Woord die lewende en kragtige evangelie in ons ore!

O Heilige Gees, wat u kerk versamel, bou en lei

– maak ons saam tog sigbaar één en heilig, en getrou aan u waarheid!

O Heilige Gees, wat ons doop tot vergifnis en ons voed en versterk met brood en wyn, verseker ons elkeen van ons verlossing en ons roeping!

O Heilige Gees, voorsmaak van die koninkryk, waarborg van die toekoms – leer ons sug, en help ons hoop!

O Skepper-Gees,

wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik word

ons roem u heilige Naam!

(Dirkie Smit, *Stukkies van die hemel*, Lux Verbi, 2005,bls181 soos aangehaal in Bybelmedia se Preekriglyne en Liturgiese Voorstelle vir 2011-12.)

Skriflesing: Romeine 8:12-17

Prediking: Terwyl ek geleer seil het, vertel Bill Hybels, het my pa dikwels gesê: "Gaan seil gerus, neem die boot, maar neem altyd 'n vriend saam met jou."

Om 'n seilboot van 15 meter te hanteer op 'n meer die grootte van die Michiganmeer is 'n groot verantwoordelikheid. Maar ek sou 'n vriend saamneem, ons sou by die hawe uitvaar, die seile hys, en die oop water van die meer aandurf. Wanneer ek 'n dreigende wolkformasie sien naderkom, of agterkom dat die windspoed begin toeneem, sou ek my terughas land toe, die seile stryk, en eers weer kalmeer nadat ons veilig aan land was en die boot veilig aan die kaai geanker was. Dit was lekker om altyd 'n vriend by my te hê, maar ek het geweet 'n maat sou nie

veel werd wees in 'n storm nie.

Ander kere sou my pa bietjie vroeër van die werk af kom en ons sou saam gaan seil. Terwyl ek met pa uit was op die water, het ek eintlik gehoop vir malende wolkmassas en sterk wind. Ek het die gevoel van sterk wind en groot branders geniet terwyl ek saam met pa was.

My pa het regoor die Atlantiese oseaan geseil. Hy het op 'n keer vyf dae lank deur 'n orkaan op 'n seilboot geworstel. Hy was 'n veteraan. Ek het geweet hy sou alles kon hanteer waarmee die Michiganmeer ons kon konfronteer. Alles

het verander wanneer my pa saam aan boord was.

Bill Hybels: *The God You're Looking For*

In groot geselskap

Die Romeinebrief is 'n kragtige getuienis van die wyse waarop Vader, Seun en Heilige Gees ons red deur ons in te trek in 'n verhouding met die lewende God.

Romeine teken 'n baie eerlike prentjie van die menslike kondisie. Mense se nood is dat hulle vervreemd is van God, in opstand teen God leef, en in diepe skuld voor God staan.

God laat ons egter nie aan onself oor nie. Vader, Seun en Heilige Gees tree toe tot ons wêreld van angs en vervreemding - van mekaar en van God. Deur liefde trek die Vader ons in Jesus Christus en deur die kragtige werk van die Heilige Gees nader. God maak 'n deur na 'n herstelde verhouding met God oop. Dit gebeur op grond van die versoenende werk van Christus en die Heilige Gees wat die geloof in ons wek om die verlossing te ontvang.

In ons teksverse is die dinamika van die Vader se liefde, van kindskap deur Jesus Christus, en van die

begeleiding en inlywing deur die Heilige Gees ten nouste verweef. Die teks is 'n baie goeie keuse vir Drie-enigheid -Sondag, dié dag waarop ons die wonder van lewe in die groot geselskap van Vader, Seun en Heilige Gees vier.

Twee kragte aan die werk

Dit is nie eenvoudig en ongekompliseerd om in ons wêreld te leef nie. Daar is twee kragte aan die werk - in ons wêreld en in elkeen van ons. Romeine 8:1-16 getuig hiervan. Die een krag is die sondige natuur wat ons na die dood toe sleep. Aan die ander kant is daar die krag van die Gees van God wat die lewe in ons wek.

Die "sondige natuur" lei:

- tot dood (2, 6, 10, 13),
- slawerny (15),
- vyandskap teen God (7),
- onvermoë om die wil van God te doen (8),
- om volgens die wet te lewe (7), en
- tot 'n lewe in vrees (15).

Aan die ander kant is daar die Gees van God wat:

- ons vrymaak van sonde en dood (1),
- lewe en vrede bring (6),
- opwekking uit die dood ook van ons

sterflike liggame bring (11),

- 'n einde aan sondige praktyke maak (13),
- verlossing uit slawerny skenk (15),
- ons opneem in die huis van die Vader (15), en
- die troos of bevestiging dat gelowiges as kinders en erfgename deel is van hierdie huishouding (16-17).

Die een krag werk deur beheersing of oorheersing (13), die ander deur leiding en oorrading (14). Die een

gees maak van eie kinders slawe, die ander Gees maak van weeskinders aangename kinders en erfgename.

Die Gees aan die werk

Die lewegewende, hoopvolle, energie-skeppende krag wat lewens vernuwe en ons inlyf by die lewe in God, is volgens Paulus die Gees van God (9, 14), die Gees van Christus (9).

Die duidelikste aanduiding van die Gees se krag in vers 11: Dit is die Gees wat Christus uit die dood opgewek het. Hierdie lewegewende Gees, sê Paulus is die Gees wat "in julle woon" (9). Die God wat

hemel en aarde geskape het, is nie ver van ons nie, maar *in ons* aanwesig.

Waar is God tuis? In mense! Dit is waar God se huis, God se tuiste, God se blyplek is. Die Griekse werkwoord wat hier gebruik word is *oikei* (woon) wat ten nouste verband hou met huis (*oikos*) of huishouding (*oikia*). Elders noem Paulus ons liggame 'n tempel van die Heilige Gees (1 Kor. 6:19).

Dit is hoe God lewens vernuwe. God kom deur Christus tot by ons, lê deur die Gees beslag op ons, bind ons aan Christus se

verlossende werk vas en kom woon binne-in ons.

"Daarom dan"

Vers 12 begin - nadat God se verlossende werk in die vorige verse uitgespel is - met die kragtige woorde: "Daarom dan..." (12). "Daarom dan" verduidelik wat dit beteken dat God ons verlos en in ons kom woon.

Eerstens moet gelowiges op 'n nuwe manier lewe. God woon in ons. Ons is deel van God se huishouding. Kinders in hierdie huis leef volgens die patrone en styl van die ouers, van die Vader. God word herken en geken as "Vader" (Abba) (15), die

Vader van Christus, en in Christus Vader vir die gelowiges.

Die term "Abba" pas op die lippe van kleiner kinders. Dit het 'n huislike en intieme toonaard. Kindertjies leef soos hulle Pappa hulle leer. Kindertjies leef ooreenkomstig die karakter van hulle kindskap uit. Gelei deur die Gees, maak ons 'n einde aan sondige praktyke en lewe soos kinders van God (14)

Tweedens vestig die teks ons aandag op al die voorregte van ons lewe as kinders in God se huishouding. Ons is deur

God tot kinders aangeneem. Aangenome kinders mag verward raak en dink dat hulle slawe is. God maak van niemand 'n slaaf nie. Sonde maak ons slawe. God maak ons kinders. Hy maak ons vry. En omdat ons kinders is, is ons erfgename van God - erfgename saam met Christus.

Ons is inderdaad wettige kinders van God. Ons weet dit nie omdat ons self tot die gevolgtrekking gekom het nie. Ons weet dit omdat die Gees van God ons daarvan verseker (16).

In lyn met die lewegewende Gees

Mens kan kies, sê Paulus, aan watter van hierdie kragte jy jou lewe wil oriënteer. Daar is die gees wat dood en verwoesting bring, en die Gees wat lewe en nuwe lewe bring (13).

Ons teks is 'n uitnodiging om ons aan die Gees te oriënteer. "Daarom dan." Ons is genooi om ons seile te span in lyn met die winde van die Gees. Om deur die krag van die Gees te kies teen die sonde, en vir die lewe van kindskap.

Wat beteken dit prakties?

Ratatouille

Remy is 'n jong rot in die Franse platteland. Sy storie word in die animasieflik Ratatouille vertel. Hy het 'n passie om te kook, en ontmoet sy kok-*idol* in 'n kookboek. Wanneer hy in Parys aankom, ontdek hy met 'n skok dat sy kok-held dood is. Op 'n ongewone manier sluit hy 'n bondgenootskap met 'n restaurant se skoonmakertjie. Hy sit op die outjie se kop, onder sy hoed, en stuur hom deur aan sy hare te trek om die heerlikste geregte voor te berei.

So lei die Gees ons om te kies teen die sonde wat verslaaf, doodmaak en ons in die vullis laat kreppeer. Die

Gees lei ons na volle menswees. God het ons verlos. Die Gees lei ons in die praktiese uitleef van hierdie verlossing in. Ons moet ons aan die Gees se leiding oorgee, en dit navolg.

Ja, ons leef en reis inderdaad in groot geselskap. Dit maak al die verskil in die wêreld.

Gebed

Geloofsbel v Athanasius

Die algemene geloof is:

3. dat ons die één God in die drievuldigheid en die drievuldigheid in die eenheid eer,
4. sonder om die persone te vermeng of die

substansie te deel;
5. want die persoon van die Vader is 'n ander, van die Seun 'n ander (en) van die Heilige Gees 'n ander;
6. maar die Vader, die Seun en die Heilige Gees is één Godheid met gelyke eer en mede-ewige majesteit.
7. Hoedanig die Vader is, sodanig is ook die Seun (en) sodanig is ook die Heilige Gees;
8. die Vader is ongeskape, die Seun is ongeskape (en) die Heilige Gees is ongeskape;
9. die Vader is onmeetlik, die Seun is onmeetlik

(en) die Heilige Gees is onmeetlik;

10. die Vader is ewig, die Seun is ewig (en) die Heilige Gees is ewig;

11. nogtans is dit nie drie Ewiges nie, maar één Ewige;

12. net so ook nie drie Ongeskapenes of drie Oneindiges nie, maar één Ongeskape en één Oneindige;

13. net so is die Vader almagtig, die Seun almagtig (en) die Heilige Gees almagtig:

14. en tog is dit nie drie Almagtiges nie, maar één Almagtige;

15. so ook is God Vader, God is Seun en God is

Heilige Gees;

16. en tog is dit nie drie Gode nie, maar dit is één God;

17. net so is die Heer Vader, die Heer Seun (en) die Heer Heilige Gees;

18. en tog is dit nie drie Here nie, maar dit is één Heer;

19. want soos ons deur die Christelike waarheid gedwing word om elke persoon afsonderlik God en ook Heer te noem, so is dit ons ook deur die algemene geloof verbode om van drie Gode of Here te praat.

Offergawes

**Wegsending: Lied 438
Gees van God o Gees van lewe vs 1,2**

Seën: Numeri 6:24-26

Musikale Amen